



JAKARANDA e-KAMP



VAKANSIE UITDAGINGS

Kursus / Aktiwiteit: e-Voortrekkerspyseniëring

Voltooi die aktiwiteite / oefeninge / of soek die inligting. Hulp kan verkry word. Versprei dit oor die tydperk en doen eerder meer as die minimum. Indien daar iets is wat nie moontlik is in jou omstandighede nie, doen iets anders waartoe jy wel toegang het. Jy kan foto's neem terwyl jy besig is met die aktiwiteite en aanstuur vir ons, Jakarandakamp@gmail.com, om op FB te laai. Bo alles – GENIET DIT!

DAG 1 Pak jou koskas reg. (As jou koskas soos myne lyk, kan jy die tuinvoëls vir 'n paar dae voer met alles wat verval het...!).	DAG 2 Beplan 'n spyskaart vir jou en jou gesin vir die volgende week met dit wat in die koskas is.	DAG 3 Maak seker jy het toegang tot Die Voortrekkers se "hoe om's".	DAG 4 Sorteer jou messegoedlaai (nét die boonste een) Pak 'n sak/krat van dit wat jy kan weggee.	DAG 5 Bak plaatkoekies met teekersies op leë blikkies, of sommer net in die pan.
DAG 6 Gaan sit langbeen en lees 'n resepteboek of twee soos 'n storieboek. Skryf neer wat jy daaruit wil aandurf – jy gaan vergeet!!	DAG 7 Vra jou gesin om deel te hê aan die spyskaartbeplanning vir die volgende week.	DAG 8 Pak die tweede messegoedlaai reg. Vul die inhoud van die "weggee-sak/krat" aan.	DAG 9 Maak 'n resep waarin die eierwitte styfgeklits moet word... klits dit self met 'n ballonklitser ("whisk").	DAG 10 Berei happies voor en nooi jou gesin vir 'n piekniek in die tuin (of op 'n piekniekkombers iewers in die huis).
DAG 11 Braai 'n vuurtjie – steek 'n vuur aan nét vir die lekkerte om na die vlamme te kyk.	DAG 12 Kyk na die "hoe om's" op Die Voortrekkers se webblad en maak een daarvan saam met jou gesin.	DAG 13 Beplan 'n saamkuier met spesiale mense vir wanneer die "grendeltydperk" verby is... spyskaart, dekor, gaste.	DAG 14 Maak stokbrooddeeg aan; maak 'n vuur en braai stokbrood.	DAG 15 Maak omelette in Ziplocksakkies in 'n kastrol.
DAG 16 Dek tafel met jou mooiste tafeldoek en breekgoed, steek 'n kers aan en vier die lewe... al is dit met 'n toebroodjie.	DAG 17 Staan vroeg op en kyk met 'n koppie koffie of tee of suurlemoenwater hoe die son opkom. Ontspan en raak rustig.	DAG 18 Bedien jou huismense met ontbyt in die bed..., of selfs net koffie.	DAG 19 Pak die res van die messegoedlaaie reg... en vul die weggee sak/krat aan.	DAG 20 Skryf 'n brief, of stuur 'n WhatsApp aan iemand met wie jy lanklaas gesels het.

Veels geluk!! Jy het die e-Voortrekkerspyseniëring – aktiwiteit van Jakaranda Voortrekkerskamp 2020 se e-kamp suksesvol voltooi!
Ons hoop jy het pret gehad en ook iets geleer.